

**Skriflesing:** Jesaja 28:23 – 29

Teks: **Jesaja 28:23-29**

Sing- Ps.84:3,4; Ps. 89:6; Ps.36:2; Ps.66:1,4,8

God het 'n plan vir elke kind van Hom. Broeder en suster, as ons ooit daarvoor sou wonder, dan kan ons vanoggend luister wat die Here in sy Woord vir ons wil duidelik maak. Die Here kom deur Jesaja en ons hoor vanoggend hoe die Here met verskillende saadjies wat 'n boer in die grond mag sit sy planne vir ons duidelik maak. Die God wat wonderbaar van raad is, groot van beleid. Nooit sal daar 'n dag in julle lewe kom wat mens mag wonder of het die Here se planne met my dalk opgehou...opgeraak nie, nooit nie!

\*\*\*

Ons wil dan graag vanoggend sien hoe die Here met ons as mense werk. Ons sien drie dinge raak. Eerste: hoe die boer sy grond voorberei. Twee: hoe die boer sy saad saai. Drie: hoe hy sy vrug gaan oes.

**Hoe word die grond voorberei:**

Deeglik en diep moet daar geploeg word. Wie nie diep wil ploeg nie, mag nie goed wil oes nie. Dit is van die eerste geheime wat 'n saai-boer ons sal kan leer. Die groot Boer, ons Vader in die hemel, vergelyk Homself in elke opsig met die saai-boere hier onder op die aarde.

Onder op die aarde, ja deur die kors van die aarde kan 'n ysterploeg tand na tand insteek, en oopskeur. Die aarde word oopgebreek, soos daar algaande geploeg word. En tog dit hou ook op. Jesaja vra dit interessant- hy vra in vers 24- *Ploeg die ploëer die hele dag om te saai? Skeur hy sy akker oop en eg hy die hele dag.* Dan mag ons weet as die land aan die wenkant kom, daar waar die wenakkers lê, daar het die boer opgehou om te ploeg. God wat weet waar om te begin en waar om op te hou, so duidelik soos die kant van 'n vars omgeploegde land duidelik begrens is, so duidelik is God se grense met elke kind van Hom. In alles sien ons God raak- Jesaja sê hierdie God is *wonderbaar van raad, groot van beleid.*

Ons kyk nog mooier hierna, en ons besef, so seker soos wat 'n ploeg op 'n stadium moet ophou om te ploeg so seker moet die volgende proses in die land weer begin. Daar moet ook geëg word. Alles word gelyk gemaak, en waar alles dan mooi gelyk is, dan het die saad dit ook gelyk.

Dan kan die saadjies in hierdie deeglik en diep voorbereide grond inkom. Alles die boer se werk. Van die harde ystertand van die ploeg tot die sagte kartelrantjie van elke saad gaan deur die boer se kop om dit alles reg te kry en in die grond te kry.

\*\*\*

In hierdie land, en moontlik in u lewe vanoggend is daar yster aan die werk. 'n Harde ysterploeg. Dinge wat swaar lyk, lyk ook hard. Yster is hard. Dit maak seer, dit breek. Ja dit mag vir u voel dat u is al in u lewe oopgebreek soos 'n nuwe land wat oopgemaak moes word. Dit het met Josef gebeur. Psalm 105:18 praat van *Josef wat self in die ysters gekom het*. In Egipte was daar vir Josef werklik swaar tye. Tye wat hy sy jeug soos 'n arend kon geniet, was daar nie vir hom nie. Hy was in die greep van koue staal, die ysterploeg van die lewe het hom die Egiptiese grond ingeploeg, nie om hom te breek nie, maar in die tronk, 'n plek van staal, laat die Here sy siel in die ysters kom, sodat daar ysters in sy siel kan kom. Dis die doel van om in jou lewe tye van 'n ploegland te beleef. Jou siel kom in die ysters sodat daar yster in jou siel kan kom.

En Jeremia met hom was dit dieselfde, broeder en suster. Lees ons Jeremia 1 dan maak die Here bekend hoe hy alles rondom Jeremia gaan omploeg. Die Here sê in Jeremia 1:10- *Kyk Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes, om te bou en te plant*. Met daardie ploegskaar van uitruk, omgooi, kom ons by Jeremia 15:12 en die Here vra vir Jeremia- *Kan 'n mens yster breek, yster uit die noorde en koper?* Ons hoor dit weer. Jeremia mag dalk voel soos 'n geknakte riet, maar jy is dit nie. Jy is yster. Jou siel het ook in die ysters gekom, die ploeg het jou lewe oopgeskeur, dat daar die beste gehalte van yster, yster uit die noorde in jou siel kan kom. Wat die Here eintlik vir Jeremia wil laat beseef is my beloftes geld ook vir jou. My beloftes is ystersterk.. Laat my beloftes weer vir jou die waarheid wees, leef by die realiteit van my beloftes...eet my beloftes dan word jy weer 'n ystermens.

Soos Josef se siel ystersterk gemaak word, so sal 'n ouman Simeon baie dae later met Maria hier voor hom, Jesus se ma, vir Maria in die oë kyk en hy sê vir haar- Luk.2:25- *ja, daar sal 'n swaard deur jou eie siel gaan*- 'n Swaard dis tog yster wat deur haar siel sal steek. Só was dit, dit kan ons maar weet, elke ysterspyker wat deur Jesus se hande en voete sou dring, watter geweldige saak, die stukke ysters van daardie spykers sou soos swaarde wees wat deur Maria

Pretoria- 7 Augustus 2011

steek. Watter ander ma is daar wat dit nie so sou ervaar nie, net soveel, ja eintlik soveel te meer sou dit wees met Maria onder die skadu van die houtkruis, maar met ysters word daar nie gespeel nie.

Dit slaan eers sy vleis in om dan die hout in te slaan. Die verskrikkinge van die paradys na die sondeval word soos houtsneewerk uitgekerf om by 'n prentjie uit te kom. Die paradys 'n plek vol bome, daar was so baie hout in die paradys, deur die mens se sonde het die hout van 'n boom 'n kruis moes word, om die grootste Mens wat sonder sonde was, as Sondaar aan die hout op te hang. En dit met die skerpte en hardheid van spyker en hamer waarmee hout bewerk kan word en tog is dit die mens wat nou vir Jesus daar bewerk.

Die ysters het nie opgehou nie, toe Hy dood was, het hulle Hom nog weer met 'n spies in sy sy gesteek waar hy daardie ysterplek gewys het, die wond in sy sy, nog so groot, 'n man se vinger kon daar inpas, 'n ongelowige Thomas sou met sy vinger daarby moes kom.

\*\*\*

Broeder en suster, dit alles om vanoggend net vir u in die eerste punt te wil sê, as Jesus met 'n ysterploeg so omgeploeg moes word, wie is ons om te verwag dit moet met ons anders gaan. Iets van Psalm 129 het in die lewe van Jesus gekom. Die digter sê in Psalm 129- hy kerm dit uit- *Hulle het van my rug 'n ploegland gemaak en daar lang vore op getrek.* Ja, die gesel waarmee Jeus geslaan sou word, die maksimum toelaatbare houe, (nege-en-dertig!), dit sou soos ploegvore sy rug oopkloof, komplete asof die wêreld se sonde nou in daardie vore gesaai gaan word.

Die tyd kom vir ons elkeen dat jy omgekeer word en opgeskeur word soos die landbougrond. Jy word geploeg met 'n doel voor oë. Die Here se doel om vir u en my by Hom uit bring. Dit is die eerste doel. Kom by die Here uit. Hy ploeg jou as't ware ondertoe dat mens 'n slag boontoe kan kyk.

En die Here is nie onnodig hard nie. Dit moet ons nooit dink nie, maar 'n goeie boer wat werklik sy grond liefhet, is juis een wat die grond nie sal spaar as daar in daardie grond geplant moet word nie. As die grond hard is dan het die Here jare later die ander vergelyking ook gegee. Dit is in die gelykenis van die Saaier, waar die saad op die pad geval het. Hardepad, wat

Pretoria- 7 Augustus 2011

hardepadhoorders impliseer, en al wat van daardie saad oorgebly het, dit het 'n klompie voëls se kroppe gevul. Die voëls het gekom en dit opgepik. In werklikheid is dit voëls van die hel af, dis die duiwel self wat so vinnig moontlik die saad van die Woord waar 'n mens 'n hardepadhoorder is, gou sal kom oppik, dat jy van die Woord niks moet oorhou nie, en die Woord vir jou ook niks mag oorhou nie.

Die saad selfs van ons Here se gelykenis vra al na diep grond, grond wat diep geploeg is en deeglik voorberei is, want in werklikheid is dit God se manier om die hel van sy kinders weg te hou. Dit kan nie anders nie. Om ons sy kinders te maak skeur God ons harte oop, sodat die lug van sy genade, en die lig van sy Woord en die warmte van sy Gees, en die sonskyn van sy liefde diep in ons harte mag indring, want daar is geloofsaadjies in die mens geplant wat na al hierdie dinge vra. Dit vra na meer-

Dit vra ook na ons tweede gedagte vanoggend- as ons sien hoe die Here geploeg het, moet ons sien die saadjies wat daar geplant word:

**Ons kyk dan hoe die boer sy saad saai:**

Die eg is reeds oor die grond getrek. Daar waar die Here die diep vore in 'n mens se lewe lê, daar kom Hyself en maak dit ook weer gelyk. Gelyk grond is ons tweede gedagte, en dit vra na saad. En in hierdie saad sien ons vanoggend nog 'n wonderliker plan van die Here raak. Die Here saai verskillende saad. Jesaja sê- *Is dit nie só nie? As hy dit bo-op gelyk gemaak het, gooi hy swart komyn uit en strooi komyn en saai koring in rye en gars in vakke en splet langs die kant.* Dis komyn, dis koring, dit gars, dis spelt, alles verskillende gewasse.

En die boer weet presies hoe om met elkeen te maak. Jesaja sê- *sy God het hom onderrig hoe om dit te doen, Hy leer hom...* Van waar ons vanoggend begin het, broeder en suster, tot waar ons nou is, is daar planmatigheid. Daar is doelgerigtheid, daar is nougesetheid, ons weet die Boer (met hoofletter!) van Wie Jesaja hier praat Hy weet wat Hy doen.

\*\*\*

Ons sien die planne van hoe die boer werk. Komyn, swartkomyn, dit is iets wat ons kan vergelyk met anys of koljander. En nou hierdie komyn dis nie so voedsaam soos koring nie, ook nie eers soos gars nie. Daarom word dit sommer uitgestrooi. Koring aan die ander kant, dis

‘n basiese voedselsoort, dit word met sorg geplant. Rytjie vir rytjie, om beter opbrengs te gee. Gars word in vakke geplant, en spelt, dis weer van minder waarde, dit word aan die kante van die land geplant om die ander gewasse te beskerm. So werk die boer met sy kennis, sy wetenskap, sy ondervinding- Jesaja sê dit alles kom van die Here af- as ons vers 26 en 29 in een asem lees dan staan daar- *...sy God het hom onderrig hoe om dit te doen, Hy leer hom- v.29- ...Ook dit kom van die Here van die leërskaer: Hy is wonderbaar van raad, groot van beleid.*

God is die God van verskeidenheid. Selfs in die kerk. Die Here het die boer ‘n verskeidenheid van saad gegee, en die Here leer ook die boer in die verskeidenheid moet jy die saad op verskillende tye en selfs op verskillende plekke moet jy hierdie saad saai of plant. Dis heeltyd verskeidenheid wat die Here ons demonstreer. Ons sien dit in sy skepping ook raak. Die voëls, daar is verskeidenheid, in die visse, daar is verskeidenheid. In die mense, daar moet verskeidenheid wees. Die Here saai ‘n verskeidenheid van mense in verskillende tye op verskillende plekke.

Sien jou uniekheid raak. Moet nie jaloers wees as ‘n ander mens koring is, en ek is gars hier op die kant van die land nie. Ek mag ook nie minderwaardig voel omdat ek dalk nou komyn of spelt is nie, en ek is nie koring nie. Net soos die boer vir elke graansoort ‘n spesiale plekkie het waar dit gesaai moet word, so het die Here vir ons elkeen op ‘n spesiale plek gesaai waar ons die beste sal aard.

Dank die Here dat jy in Sy verskeidenheid inpas, en dat die Here dit nodig geag het om jou anders te maak as wat Hy weer ‘n ander een gemaak het. Ons kan met ons verskeidenheid eers by die die eenheid uitkom wat God wil hê- dan sal ons vrug dra, wat by die verskeidenheid pas, en op die einde is die eenheid die resultaat, beslis nie die vertrekpunt nie!

\*\*\*

Met hierdie punt kom ons dan ook by ons laaste punt vandag- nadat die boer gesaai het- kyk ons na die oes-

***Hoe die boer die vrug oes:***

Hier is die Here werklik wonderbaar van raad- groot van beleid, want hy ken die verskille tussen ons as mense deur en deur. Jesaja sê- *komyn word nie met die slee gedors nie, en die waiel word nie oor die komyn gerol nie, maar swat komyn word uitgeslaan met ‘n stok en komyn met ‘n*

*hout.* Komyn het ons vergelyk met anys/ koljander, dis 'n sagte saad, dis bros, dit breek maklik, as jy dit selfs net tussen jou vingers vryf dan verkrummel dit. Die Here is beslis nie daarop uit om sy kinders te verkrummel nie. Om dit so te stel. Die Here ken sy komyn-kinders. Kinders wat vanoggend ook hier is, en hulle is van die sagter tipe.

Dink aan Lidia, die purperverkoopster, sy was 'n komyn-mens. Daar op die rivierwalle het die Here haar sag gemaak. Die eerste christen in Europa, Lidia, kom tot bekering toe sy net nodig gehad het om onder Paulus se prediking in te kom. Soos komyn is sy saggies uitgeslaan, só het die Here haar in sy Koninkryk ingeplant.

Maar van Paulus gepraat, die grootste sendeling nog ooit, om hom die Koninkryk in te bring was daar wawiele nodig. Die koringman, kliphard, hy staan by as die eerste christene gemartel word, Stefanus se klere het hy opgepas, en gesien hoe die klippe op Stefanus sou reën, en die Here wag hom in op die pad na Damaskus. Paulus kry met ander klippe te doen. Hy kry met Jesus Christus te doen. Soos Petrus vir Jesus teken- 'n lewende steen- 1 Pet.2:4-7- en op die einde dan sê Petrus- *Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen van aanstoot en 'n rots van struikeling.* Op 'n manier sou die Here sorg dat Paulus teen Jesus sal kom stamp, nie om hom te verbrysel nie, maar om die koring fyn te kry. Teen die grond moes hy val- ja soos die Here Jesaja laat vra- *Word broodkoring fyngestamp? Nee, nie altyddeur dors hulle dit nie; en al dryf hulle die wawiel en die perde daaroor- hulle stamp dit nie fyn nie.*

\*\*\*

As 'n boer dieselfde stok gebruik waarmee hy komyn uitslaan en hy dink hy kan koring ook daarmee uithaal, dan sal hy nooit slaag nie. Dis wat die Here ons vanoggend hier wil wys- Hy ken ons! Hy werk met ons verskillend. Sy Heilige Gees kom elke dag ons verskille teë, en God maak dit uniek. So verskillend soos die boer sy gewasse moet slaan, of moet stamp of moet trap, om die vrug daaruit te kry, so moet daar in ons elkeen se lewe 'n stok wees, maar in die ander een se lewe moet daar 'n wawiel wees. Sommige se lewe is eenvoudig swaarder as ander. Isak het 'n baie rustiger lewe kon hê as sy seun Jakob. Salomo, sonder oorlog gaan hy deur die lewe, sy pa Dawid was byna dag na dag in oorloë gewikkel.

\*\*\*

Ons sluit dis vanoggend af, met die troos wat alle troos insluit, die Here ken u en kyk na u en werk met u ooreenkomstig hoe Hy u gemaak het. Komynsag of koringhard. Bekering is altyd inkering. Maar weet verseker, die Here sal jou nie bo jou maat tugtig nie. Die Here weet hoe hard elk van sy kinders is. Daarom al mag dit voel dat die Here u te hard slaan, en ek dink ek kan dit nie meer dra nie, dan is die punt waar die Here my wil hê dat ek my las aan Hom toevertrou om dit vir my te dra. Christus is die Een wat ons belowe sy juk is sag, sy las is lig, maar kom eers by Christus uit voor ons werklik die las sal verstaan, en sal kan voel en sal kan dra. Christus, soos die brood van Nagmaal ons elke keer verseker, is tot in die dood en die hel gedors. Deur my en u sondes is Hy eindeloos deur die wawiele van God se toorn vertrap. God se dorslee het oor sy eie Seun gegaan.

Daarom bly staan, kry moed, die Here laat u siel in die ysters kom sodat daar yster in u siel kan kom. Dit sal so wees, tot op die laaste wanneer die goddelose finaal ingeploeg sal word, die ewige verderf in, maar God se kinders op die dag van die groot oes, dan word al die saadkorrels na die proses van die dorsvloer ingesamel en die hemelse skure word volgemaak. Soos kosbare koringkorrels is u uit die halm van die lewe uitgehaal en die skuur van die ewige lewe wag op u.

AMEN